DEEL 116 | WEEK 41 | 11 OKTOBER 2024 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR




# Karkas kampioenskappe by HBA

"Dit is vir Heilbron Abattoir (HBA) 'n groot voorreg dat julle ons gekies het om die karkas kompetisie aan te bied." Dit was die woorde van Edward Muller, bestuurder van HBA, tydens die SAMIC Bees Karkas Kompetisie wat onlangs op hul perseel plaasgevind het. Die Suid-Afrikaanse Meat Industry Company (SAMIC) is 'n gehalteversekeringsmaatskappy wat gestig is om die gehalte en veiligheid van rooivleis in Suid-Afrika te verseker. Met streng inspeksies en wêreldklas standaarde streef SAMIC daarna om integriteit binne die vleisbedryf te handhaaf. Hulle speel 'n sleutelrol in die klassifikasie en merk van vleis, soos bepaal deur die Wet op Landbouprodukstandaarde (Wet No. 119 van 1990), en verseker dat produkte soos beesvleis, lam, en vark altyd aan die hoogste standaarde voldoen.

Die Riemland Studie Groep het HBA genader om hierdie prestigieuse kompetisie aan te bied, in samewerking met Johan Maritz en Anthony Rahlaho as die beoordelaars van SAMIC. Dit is beplan dat die kompetisie 'n jaarlikse instelling by HBA sal word, en enige boer, ongeag die ras van sy beeste, kan inskryf. Dit maak die kompetisie dus meer interessanter en inklusief vir alle boere. Vir die kompetisie stuur die boere hul beeste na Ters Pretorius van Telviedre voere, waar hy hulle van sy top gehalte produk voer. Daarna word die beeste geslag by HBA onder die noukeurige toesig van eienaar Meloney Pretorius. Verskeie kategorieë is opgestel waaraan boere moes voldoen, en die karkasse is streng beoordeel volgens SAMIC se standaarde. Gerrit Viljoen het as die wenner van die Super Os Enkelkarkas-kategorie uitgestaan met 'n indrukwekkende persentasie van 82,98%. In die Bees Enkelkarkas-afdeling het Hennie Naudé die oorwinning behaal met 88,11%, gevolg deur Jacques van Rooyen as die reserwewenner met 87,01%. In die Bees Groep-kategorie het Corjan Roos met 81,35% geseëvier, terwyl Marnus van der Merwe as reserwewenner met 80,63% geëindig het. Elke wenner kwalifiseer vir deelname aan die nasionale kompetisie, wat plaasvind gedurende die siklus van 1 Julie 2024 tot 30 Junie 2025. HBA het die kompetisie met trots aangebied en gesorg dat die perseel en slagproses onberispelik was. Die hoë kwaliteit van hul werk het uitgestaan en bewys waarom hulle die eerste keuse was vir hierdie groot geleentheid. HBA sien daarna uit om hierdie kompetisie 'n jaarlikse instelling te maak en steeds by te dra tot die gehalte en integriteit van die Suid-Afrikaanse vleisbedryf.

*Op die foto vlnr: Johan Maritz (SAMIC), Corjan Roos, Anthony Rahlaho (SAMIC) en Meloney Pretorius (HBA).*









# Ngwathe teams up with Rand Water to save water



*On the picture is Councillors, Municipal Manager, Rand Water COO and their teams during visits to areas identified where there's Water losses.*

Ngwathe Local Municipality continues to strengthen its ties with progressive stakeholders and parastatals providing essential services to the municipality. The senior management team, led by the Municipal Manager, Dr. F. P. Mothamaha, met with the Rand Water delegation at Heilbron on Friday, 04 October 2024. According to the Municipal Manager, "Rand Water is one of our strategic partners as they provide water to Heilbron, Sandersville, and the broader Phiritona. Their visit, led by Chief Operations Officer Mr. Mahlomola Mehlo, was part of cementing relations and identifying key issues related to water provision and challenges in the area. During our physical visits to the area, we discovered a lot of water being wasted at residential houses, prompting urgent programs such as 'War on Water Leaks.' We also found that there is illegal consumption, hence some of the areas are not receiving sufficient water supply. We are grateful to the Rand Water delegation for their positive support. Moving forward, both Ngwathe and Rand Water teams will develop programs aimed at saving water and minimizing water losses."
For enquiries: Steve Naale, Spokesperson, Ngwathe Local Municipality.

# The Old Goat and the Fox heropen na drie maande




*The Old Goat and the Fox, die gewilde kroeg onder inwoners, maak Vrydag weer amptelik sy deure oop na 'n sluiting van amper drie maande. Die kroeg moes hul besigheid tydelik sluit as gevolg van 'n vermoedelik elektriese kortsluiting wat by die aangrensende Cleapatra-dobbelhuis ontstaan het. Johan van Vuuren, mede-eienaar van The Old Goat and the Fox, sê dat hulle verheug is om weer vir die publiek oop te wees. "Ons het baie uitdagings gehad oor die afgelope paar maande, maar ons is opgewonde om weer ons kliënte te verwelkom. Dit was 'n lang proses, maar ons sien uit daarna om weer 'n deel van die gemeenskap se sosiale lewe te wees." The Old Goat and the Fox is bekend vir sy gesellige atmosfeer en is 'n gewilde kuierplek vir plaaslike inwoners. Van Vuuren het ook bedankings gerig aan die lojale kliënte wat hulle deur die moeilike tyd ondersteun het en bygevoeg dat hulle gereed is om nuwe herinneringe saam met die gemeenskap te skep. Die heropening beloof om 'n spesiale geleentheid te wees. So gaan maak 'n draai 11 Oktober net by The Old Goat and the Fox.*




**Vir enige nuus en advertensies vir die Heilbron Herald**

Kontak gerus vir Hendie Lötter by 071 175 9807 of heraldnuus@heilbron.co.za





# UIT DIE PEN: Week 41



Ek wonder vandag oor mense wat in jou kop nesmaak. Jy ken hulle. Meeste van hulle is boelies.
Ek praat van mense wat jou hele menswees vertrap. Wat 'n vergadering reël waar jy jou insette moet gee, maar wat dan elkeen daarvan met 'n stomp broodmes dissekteer en by die venster uitgooi. En dan iets kwytraak soos: "Ek sien dit as volg…" en verduidelik hoekom jy verkeerd is. Nie jou voorstel of jou insette nie. Jy is verkeerd. En tog so onnosel.
Onlangs vertel 'n vriendin van 'n werkswinkel waarin sy betrokke was. Persone is temas gegee en die hele groep moes elke tema deurtrap en deurdink. Toe Alwetende Annatjie haar tema verduidelik, kom die groepie agter dat Alwetende Annatjie nie regtig sò alwetend is soos wat almal gedink het nie. Iemand noem toe aan Alwetende Annatjie dat sy verkeerd is. Alwetende Annatjie gooi haar hande in die lug en sê: "As dit julle houding is…"
Dit het my herinner aan 'n onderwyseres wat in graad 8 vir ons klas 'n paar rekeningkundebegrippe moes leer. Dit was al klaar kluitjietrap. Wat weet ek van 'n besigheid af? My gryse ou vader het geploeg en geplant en my ma het op daardie stadium nie gewerk nie. Ek het net mooi niks geweet nie. Nie asof ek vandag meer weet nie, maar dit daargelaat.
Toe ons die begrippe onder die knie het, verduidelik die onderwyseres hoe 'n Kontantontvangste- en Kontantbetalingsjoernaal werk. Ek sukkel tot ounag toe om al die kolomme te trek en die inskrywings te maak. Uiteindelik klim ek met 'n glimlag van genoegdoening in my bed, gereed vir die volgende oggend.
Terwyl die onderwyseres verduidelik, maak sy 'n paar gruwelike foute. Ons begin onderling met mekaar daaroor praat, want dalk is ons verkeerd. Maar ons kan seker nie almal verkeerd wees nie.
"Juffrou," ek steek my hand op. "Wat as jy daardie inskrywing sò gemaak het en die bedrag *sus* ingeskryf het."
Die onderwyseres het vir 'n paar oomblikke oorbluf na die swartbord gestaar. Sy het afgemete omgedraai en haar bordkryt neergesit.
"Dan laat ons hierdie aan die intelligentsia oor."
Met diè laat spaander sy uit die klas.
Later die middag wil ek by my ma weet wie en wat die intelligentsia is? Maar hoekom, wil sy weet? Want juffrou So-en-so het vandag gesê dat die intelligentsia hierdie moet doen.
Toe kom ek agter dat juffrou nie regtig reggehelp wou wees nie.
Terwyl ek skoolgehou het, het meer as een kind my so uitgevang. Iewers het ek dalk die verkeerde antwoord gegee of my verduideliking het nie sin gemaak nie, of ek het dalk glad nie gedink nie. Dan moet jy maar toegee: die intelligentsia lê nie noodwendig by die aanbieder nie. Maak jou fout reg en gaan aan met die lewe.
Maar party mense kan mos glad nie foute maak nie.
Onlangs woon ek 'n vergadering by waar ek net notas moes neem en die vergaderingmateriaal moes voorberei. Die voorsitter stuur alles na my toe gaan, en ek versprei dit. Gedurende die vergadering verwys hy na 'n dokument wat klaarblyklik ewe skielik verkeerd is.
"Mens moet altyd almal rondom jou *opcheck*. Ignoreer hierdie dokument, ek stuur vir jou 'n nuwe een. Ons mense weet nie altyd wat hulle doen nie."
Net om 'n week daarna agter te kom dat hierdie die regte dokument was, maar omdat hy altyd op die foutsoek uit is, het hy dit nie agtergekom nie. Dink jy daar was enige verskoning? Nee, nooit.
Dis dan wanneer hierdie mense in jou kop kom nesmaak. Dis iets wat ek dan oor en oor in my gedagtes speel: Die mense weet nie altyd wat hulle doen nie. Ek weet nie altyd wat ek doen nie.
Alwetende Annatjie en Intelligentsia Ina is altyd daar. Hulle boor jou selfbeeld in die grond in. Ja, toegegee, wanneer jy weer met hulle te doen het, maak jy seker dat jy reg is. Maar daardie gat in jou vertroue bly vir 'n lang tyd.
Ek wonder baie keer watter een die probleem is: dat mense onnodig foutvinderig is of dat ander mense heeltemal te fyngevoelig is? Dalk altwee. Maar dan ook: ek kan nie altyd verkeerd wees nie. Selfs 'n gebreekte horlosie is ten minste twee keer per dag reg.
Ek is ook nie seker wat my reaksie moet wees wanneer iemand jou vertrap nie. Dit hang ook seker af van wie die vertrapper is: jou kollega of jou baas. Jy kan dalk met 'n dikmond kollega saamwerk (want jy moet), maar jou baas moenie vir jou kwaad wees nie. Of so dink ek.
Die probleem is dat die boelie kom grond koop in jou kop. Hy bly verniet daar en neem alles oor: jou handel, jou denke, jou werk, jou dink en jou gewete. Is ek goed genoeg? Doen ek genoeg? Doen ek reg? Sê nou net hy dank my af of iemand kom raas met my? Ek weet: deesdae is "afdank" nie meer so maklik nie, maar tog moontlik. Dalk is die probleem dat ek glad nie met iemand in onvrede wil leef en werk nie. Maar dit is maar net ek.
Ek lees die ander dag dat seer mense ander mense seermaak. 'n Klein boelie word 'n groot boelie. Maar die ander deel is ook waar: heel mense maak ander mense heel. 'n Klein gemanierde skelseltjie word 'n groot gemanierde mens.
Ons kan altyd kies.
Maar ek sukkel om die boelies uit my kop te kry. Ek wil so graag my selfbeeld terugvat, maar ek weet nog nie waar hulle daarmee heen is nie.
Oor ek en my fisio: ek moet nou met albei my voete se tone staan, wat so-so gaan. Dan moet ek die gesonde been oplig todat ek op die voorheen-gesonde been kan staan. Op die tone. Maar ek sukkel.
En dis nie omdat iemand in my kop bly nie. Dis net omdat dit seer is.

# Skaal kreun op Kroonstad

Die André Kock & Seun Afslaers het weer op 8 Oktober die landbougemeenskap van Kroonstad aan die praat gehad met hul jaarlikse vetvee veiling. Hierdie jaar was daar opwinding in die lug, veral danksy die deelname van pa en seun die twee, PL Snymans, wat hul beeste met trots in die veilingring ingelei het. Flippie Snyman het besonderse beeste aangebied, insluitend 'n indrukwekkende suiwer Shorthorn bul wat die skaal op 'n massiewe 1300kg getrek het. Hierdie bul het nie net vir sy grootte opgeval nie, maar het ook die hoogste prys per kilogram vir die dag behaal, 'n bewys van sy uitstekende gehalte. Flippie se aanbod het verder opwinding gebring met 'n Simbra kruis os wat C6 en 780kg uitgeslag het, 'n verdere getuie van sy sorgvuldige teling. Liam Snyman, seun van Flippie wat vir die eerste keer aan 'n vetvee veiling deelgeneem het, het ook die aandag van die skare getrek. Sy Fries os, liefdevol "Spike" gedoop, het indrukwekkende statistieke van 1.8 meter hoogte en 'n gewig van 1170kg gehad. Hierdie jongman, wat duidelik sy pa se liefde vir swaar beeste geërf het, het almal met sy eerste deelname beïndruk en laat blyk dat hy in sy pa se voetspore gaan volg. Met 1600 beeste wat vir die veiling ingeskryf is, het die dag nie tekort aan skouspel gehad nie. Tog het die drie swaarste diere, wat almal aan die Snyman-familie behoort het, beslis die kollig gesteel. Hierdie familie het nie net gewys dat hulle beeste van wêreldgehalte teel nie, maar ook dat hulle passie vir die bedryf blywende resultate lewer. Die veiling was 'n groot sukses en het weereens getoon hoekom André Kock & Seun Afslaers se veiling op Kroonstad 'n hoogtepunt op die landboukalender bly.






## Regstelling

In die Heilbron Herald van 4 Oktober, in die berig getiteld "Riemland Museum brei uit met nuwe navorsings en geologie-afdeling," is daar verkeerdelik na geologie verwys. Dit moes egter genealogiese afdeling wees, aangesien die uitbreiding fokus op genealogiese navorsing en nie geologie nie. Ons vra om verskoning vir enige verwarring wat dit kon veroorsaak het.

# Toeka-tieners kuier saam

Die NGK Heilbron Moedergemeente se senior burgers is op Vrydag, 4 Oktober, behoorlik bederf toe 'n ou tradisie weer hervat is. Vir die eerste keer sedert Covid het die gemeente weer hul Senior Burgeronthaal aangebied.

"Julle is vir ons kosbaar en spesiaal," het ds. Braam van Zyl tydens die opening aan die 65 gaste gesê. Daarna is daar behoorlik saam gekuier, uitbundig saam gelag en toe heerlik gesmul aan die braaivleis en bykosse wat voorgesit is.

"Die grootste fout wat jy kan maak, is om te dink dat jy oud is. Jy's glad nie oud nie - net 'n 'toeka-tiener'," het Annari Combrink tydens die geleentheid geskerts.

Die tafels is deur Rika Potgieter verfraai, André Kleynhans en sy span het vir die braaivleis gesorg terwyl die vrouediens seker gemaak het dat die bykosse geurig is.

Almal wat die funksie bygewoon het, was dit eens: dis 'n fees om 'n Moederkerker te wees!








DULY INSTRUCTED BY THE LIQUIDATORS INVITE ALL POTENSIAL BUYERS TO JOIN US FOR THIS ONLINE TIMED AUCTION.

ONLINE TIMED AUCTION
16 OCTOBER 2024
HEILBRON DISTRICT

DEVHULA

**LOT 1: VRB FARMS (PTY) LTD (IN LIQUIDATION)**
Master refrence: B112/2023

Portion 1: The Farm Wellington 746 Heilbron RD
128.4798 ha. Title deed: T23831/2007

Portion 31: Farm Braeside 306 Heilbron RD
175.5891 ha. Title deed: T23831/2007

Dryland ±140 Ha, Grazing, Feedlot, 6 x Boreholes, 2 x IBR dams.

**LOT 2: LEVAMENTUM (PTY) LTD (IN LIQUIDATION)**
Remaining Extent: Farm Schoonuitzigt 183 Heilbron RD
291.9390 ha. Title deed: T2386/2015

Shed, Livestock Handling Facility, Staff Accommodation, Stream.

Terms of Auction:
Buyers commission: 6% + VAT. Deposit: 10%. Confirmation period: 14 days. Guarantee delivery period: 45 days after confirmation. Visit the online auction portal for detail information and rules of auction.

VIEWING: BY APPOINTMENT
Jan Oberholzer - 083 306 0805



Clover

***Tenders are hereby requested for the sale of low-grade Whey, Skim Milk powder and Surromel packed in 25kg bags, subject to the following conditions:***

1. The tender period will extend from 1 November 2024 to 30 October 2025.
2. The tenders must be expressed in rand and cents per bag. No tender will be accepted if it does not specifically contain a rand and cent amount.
3. Product will be sold as Waste Powder to the successful tenderer.
4. Product may not be used for human consumption. Clover reserves the right to summarily stop delivery if it is determined that the product is used for human consumption.
5. Product must be collected by the successful tenderer himself from Clover's Heilbron factory.
6. Tenders close on 28 October 2024 at 16:00.
7. The highest tender or any tender will not necessarily be accepted.
8. The agreement that will be concluded with the successful tenderer is available for inspection at Clover Heilbron.
9. Tenders can be mailed or addressed in a sealed envelope marked "Tender Undergrade Powder" to: paul.bester@clover.co.za

**The Manager**
**Clover**
**PO Box 79, Heilbron, 9650**



- COC'S/ELECTICAL CERTIFICATE OF COMPLIANCE
- WIRING & RE-WIRING
- OFF-GRID SOLAR INSTALLATIONS
- INDOOR/OUTDOOR LIGHTING

ULECTRIC
SOLAR AND ELECTRICAL

- ELECTICAL REPAIRS
- FAULT FINDING
- EQUIPTMENT REPAIR
- SOLAR BOREHOLE PUMPS
- BACKUP SYSTEMS

Jannie 072 279 9299 WE DO COMMERCIAL AND RESIDENTIAL Ulectric 084 499 9937

# Nuwe gesig by BKB



Vir ongeveer drie jaar was Jan-Hendrik Claassen die bekende gesig van BKB in Heilbron. Altyd gereed vir 'n geselsie of 'n grappie, met 'n groot betrokkenheid tot die gemeenskap. Ongelukkig kom sy tyd in Heilbron tot 'n einde. Hy gaan die einde van Oktober na KwaZulu-Natal verhuis waar hy as afslaer sy merk sal maak. Sy teenwoordigheid het 'n spesiale band tussen BKB en die mense van Heilbron gebou.

Met sy vertrek voeg BKB egter 'n nuwe lid by hul span – Stiaan Smit. Stiaan is oorspronklik van Vereeniging, waar hy gebore is en skoolgegaan het. Later het sy gesin na Heilbron verhuis, waar hulle gou bekende gesigte in die gemeenskap van Heilbron geword het. Sy ouers, Klasie en Lizelle Smit, is baie betrokke in die dorp. Lizelle werk by Telwiedre, en die gesin is ook betrokke by die kerk. Stiaan, sien uit daarna om betrokke te raak by die plaaslike gemeenskap se projekte soos die gholfklub en ander inisiatiewe en instansies. Jan-Hendrik, wat Heilbronners baie na aan sy hart hou, is vol vertroue dat hy sy kliënte in goeie hande los. "Ek gaan die mense van Heilbron baie mis, maar ek weet Stiaan sal uitstekende werk doen," sê hy. "Ek sal beslis gereeld kom inloer." Alhoewel Jan-Hendrik gemis sal word, is die vertroue sterk dat Stiaan sy skoene sal volstaan.

# Kleuterskool hou Olimpiese spele






*Kleuterkasteel en hul ouers het onlangs hulle ware sportgees getoon tydens die jaarlikse sportdag. Die kleuters, saam met hul ouers, het met groot entoesiasme deelgeneem aan verskeie aktiwiteite wat van die dag 'n onvergeetlike geleentheid gemaak het. Van harte uit hardloop tot boogskiet en selfs borrels vang, het almal saam pret gehad en elke oomblik geniet. Dit was 'n dag vol lag, lekkerte en herinneringe wat vir lank sal bly. Die betrokkenheid van die ouers het die kleingoed aangemoedig om voluit deel te neem en te wys wat in hulle steek.*

# Heilbron se Langasem-atlete skitter by Midvaal Marathon



*'n Paar atlete van Heilbron met lang asems het onlangs aan die Midvaal Marathon deelgeneem, en hulle het hulself uitstekend van hul taak gekwyt. Hierdie toegewyde groep atlete maak dit 'n gereelde instelling om by uitdagende marathons betrokke te raak, en hulle passie vir die sport uit te oefen.*
*Op die foto (van links na regs) is Kgotso Motebang, Thabo Sethabela, Lepekola Thapedi en Gift Roets, almal trotse verteenwoordigers van Heilbron.*

# Heilbron athletes shines



In the main 8km fun run, Edward Mokoena has not hesitate to conquer the street of Heilbron, using his speed to claim the first position. While in the women's race, Nomthandazo Maduna has shaped the street of Heilbron and obtained position one.

**Full result: Men:** 1. Edward Mokoena, 2. Molefi Mofokeng. 3. Kgothatso Mphuthi.
**Women:** 1. Nomthandazo Maduna 2. Tsolofelo Phakoe
All winners has received gold medals and price money.

Sister Tselane Hlahane, who runs in the colours of Free State Health Athletics Club, were also there for assistance. Some of the veteran runners and master include twin brothers Mr Masilo and Masilonyana Mokoena, their twin sisters, Motivater Mr Fusi Tshabalala, mr Mzwandile Bocibo and mr Petrus Theletsane.



Heilbron Athletics Club had once again host athletics event for the second time after two years break. The event was held at Phiritona, Heilbron on the 28 September 2024. It was scheduled for four distances, that is: 8km fun run, 5km fun run and fun walk and 3km fun run. The spirit were high as everybody wanted to see the winners in every distance. The people were also excited to have athletics events in town again.

The men's 3km fun run position one obtained by Tshepo Mokoena 2. Tlhohonolofatso Mokoena 3. Siyabonga Tlale

Women: 1. Refilwe Monyatsi 2. Thobile Mzizi 3. Thembelihle Mzizi.

Men's 5km race results 5km fun run:
1. Motseki David Mokoena 2. Heo Nthethe 3. Bongani Tlale.
No women participants 5km fun walk
1. Khantse Mokoena 2. Neo Nthethe 3. Thandi Tobias no men participant in the 5km fun walk.

After leading by example and completing her 5km fun walk race, mme Thandi Tobias addresses the youth encourage them to be committed to the good activities.

# Phitshana Public School achieves



*Phitshana School took part in public speaking, Tshosane Mokoena obtained position 1 in Fezile Dabi District and obtained position 3 in Province, The school would like to thank his teacher Me MM Kheswa and the principal W.T Mokoena.*



# KENNISGEWINGS

## NOTICE TO CREDITORS IN DECEASED ESTATES

In the Estate of the Late:
Surname: **RAMAFIKENG**
First names: **NOSI MOSES**
Estate number: **5738/2024**
Identity/passport number: **470701 5557 081**
Date of death: **26/01/2024**
Last address: **32, 6th STREET, KOPPIES, DISTRICT KOPPIES, PROVINCE FREE STATE**
All persons having claims against the above-mentioned estate are required to lodge their claims with the undersigned within 30 days after the date of publication hereof.
**In case of a marriage in community of property:**
First Names and Surname of Surviving Spouse:
**FUNIKA ELIZABETH RAMAFIKENG**
Identity/passport number: **480727 0554 086**
**NAME AND ADDRESS OF EXECUTOR OR AUTHORISED AGENT:**
**CORNELIUS & PARTNERS INC,**
**40 CHURCH STREET, HEILBRON, 9650**
**PO BOX 205/591, HEILBRON, 9650**
**E-MAIL: aktesb@corven.co.za**
**TELEPHONE: 058 852 2035**
**REFERENCE: AA SCHUTTE/EH/B0107/**
**DATE SUBMITTED: 2024/10/01**
**FOR PUBLICATION ON: 2024/10/11**

## NOTICE TO CREDITORS IN DECEASED ESTATES

In the Estate of the Late:
Surname: **POTGIETER**
First names: **JOHANNES JURGENS**
Estate number: **6007/2024**
Identity/passport number: **480324 5107 084**
Date of death: **25/06/2024**
Last address: **47 FIRST STREET, HEILBRON, PROVINCE FREE STATE**
All persons having claims against the above-mentioned estate are required to lodge their claims with the undersigned within 30 days after the date of publication hereof.
**In case of a marriage in community of property:**
First Names and Surname of Surviving Spouse:
**JOHANNA FRANCINA MAGDALENA HENDRIKA POTGIETER**
Identity/passport number: **531006 0208 087**
**NAME AND ADDRESS OF EXECUTOR OR AUTHORISED AGENT:**
**CORNELIUS & PARTNERS INC,**
**40 CHURCH STREET, HEILBRON, 9650**
**PO BOX 205/591, HEILBRON, 9650**
**E-MAIL: aktesb@corven.co.za**
**TELEPHONE: 058 852 2035**
**REFERENCE: AA SCHUTTE/EH/B0107/**
**DATE SUBMITTED: 2024/10/01**
**FOR PUBLICATION ON: 2024/10/11**



Herald
Office National
Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033

TE KOOP GEVRA
Tweedehandse klein hout of koolstoof in redelike toestand!
Minstens twee plate.
Geskik vir werkershuise.
**Skakel 083 644 0094**

## BIBLIOTEEK OOP

***Piercestraat 66 • Heilbron***
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

## NOTICE

Notice is hereby given that the **KINGDOM AMBASSADORS MOVEMENT** is applying for the registration in terms of the Electoral Commission Act, 1996 (Act No. 51 of 1996). Application will be submitted to the Chief Electoral Officer on the 14th of October 2024. The abbreviation of the name of the party is KAM.
The distinguishing mark or symbol of the party is printed underneath. Anyone wishing to raise an objection against the intended registration must do so by written notice in which are set out the grounds for the objections and which must be delivered at the office of the Chief Electoral Officer within fourteen days after the publication of this notice.

KAM
KINGDOM AMBASSADORS MOVEMENT
"Building Thriving Communities"

## FOTOSTATE

| | Swart / Black | |
|---|---|---|
| A4 | 1 - 50 Bladsye | @ R1-50 |
| | 51+ | @ 80c |
| A3 | 1 - 50 Bladsye | @ R3-00 |
| | 51+ | @ R1-50 |
| | **Volkleur / Colour** | |
| A4 | 1 - 10 Bladsye | @ R5-00 |
| | 10+ | @ R4-00 |
| A3 | 1 - 10 Bladsye | @ R10-00 |
| | 10+ | @ R8-00 |

Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos:
heraldwinkel@heilbron.co.za
Herald
Office National




# DIENSTE

### BAAL / SNY & BAAL

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING
082 851 6158 OF
PIET MEIRING 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

### BAAL / SNY & BAAL ...

Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685
Heilbron

DUPNO Trading
AUGERS
GRAANDAMME
SINKDAMME
BUNKERS
AFLAAIBAKKE
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com




REMINDER

**2024 / 2025**

Neem asb kennis dat die Heilbron Herald se winkel sluit 19 Desember om 13:00 en heropen DV 6 Januarie 2025 om 07:30. Die fabriek sluit 13 Desember 2024 en heropen DV 8 Januarie 2025.

Herald
Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033
Office National




# SMALLS

### HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT



**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

# TE HUUR • TE HUUR

### HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS

Geskik vir ongeveer 70 mense.
Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Sonja Muller**
**081 849 1877**

## WINKELURE

**Maandae - Donderdae: 07:30 - 17:00**
**Vrydae: 07:30 - 16:30**
**Saterdae: 08:30 - 13:00**

# GEKLASSIFISEERD


**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: 058 852 3033/4/5 • Faks: 058 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** kobuss@heilbron.co.za
(Wyeformaat produksiebestuurder)
WhatsApp Nr. 081 889 8192
• **Silma** marketing@heilbron.co.za
herald@heilbron.co.za
(Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za -
(Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za -
(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za -
(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za -
(Koerantbydraes, advertensies)
**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**


***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***



# HERALD Sport




WINKELURE

MAANDAE TOT DONDERDAE: 07:30 - 17:00
VRYDAE: 07:30 - 16:30
SATERDAE: 08:30 - 13:00

Elsstraat 44, Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos:heraldwinkel@heilbron.co.za

Herald Office National

# Jackie wen Oktober HBA Mug

Saterdag was gewone spel met die maandelikse HBA Mug op die spel. Jackie het die dag gewen met 70 punte. Arnold Saayman was sy opvolger met slegs 2 punte agter.

Die joker draw is nogsteeds op die spel en word elke Vrydag aand om 19:00 getrek. Die lede word uitgenooi na die jaarlikse vergadering wat op 23 Oktober 2024 sal plaasvind.



*Op die foto regs vl: Jackie Leonard (President) en Annemarie Hayward (Tesourier).*

## 2024 - 2025 2nd League Fixtures

| 20 Overs | | |
|---|---|---|
| Venue | 12-Oct | |
| Verref | Sharpeville | Meyerton |
| Vereeniging | Vereeniging | Heilbron |
| Vanderbijlpark | Route 66 B | Vdbp |
| Route 66 | Route 66 A | Sasolburgburg |
| | | Rust Ter Vaal |

| Venue | 19-Oct | |
|---|---|---|
| Meyerton | Meyerton | Vereeniging |
| Heilbron | Vanderbijlpark | Heilbron |
| Verref | Rust Ter Vaal | Route 66 A |
| Route 66 | Route 66 B | Sasolburgburg |
| Bye | | Sharpeville |

| Venue | 26-Oct | |
|---|---|---|
| Vanderbijlpark | Vanderbijlpark | Meyerton |
| Verref | Sharpeville | Vereeniging |
| Sasolburgburg | Sasolburgburg | Heilbron |
| Route 66 | Route 66 B | Rust Ter Vaal |
| Bye | | Route 66A |

| Venue | 02-Nov | |
|---|---|---|
| Meyerton | Meyerton | Sasolburg |
| Verref | Sharpeville | Vanderbijlpark |
| Heilbron | Heilbron | Rust Ter Vaal |
| Route 66 | Route 66 A | Route 66 B |
| Bye | | Vereeniging |

| Venue | 09-Nov | |
|---|---|---|
| Verref | Rust Ter Vaal | Meyerton |
| Sasolburgburg | Sasolburgburg | Sharpeville |
| Vereeniging | Vereeniging | Vanderbijlpark |
| Route 66 | Route 66 A | Heilbron |
| Bye | | Route 66 B |

| Venue | 16-Nov | |
|---|---|---|
| Meyerton | Meyerton | Route 66 A |
| Verref | Sharpeville | Rust Ter Vaal |
| Vereeniging B | Vereeniging | Sasolburgburg |
| Heilbron | Heilbron | Route 66 B |
| Bye | | Vanderbijlpark |

| Venue | 23-Nov | |
|---|---|---|
| Verref | Sharpeville | Heilbron |
| Route 66 | Route 66 B | Vereeniging |
| Vanderbijlpark | Vanderbijlpark | Route 66 A |
| Sasolburgburg | Sasolburgburg | Rust Ter Vaal |
| Bye | | Meyerton |

| Venue | 30-Nov | |
|---|---|---|
| Route 66 | Route 66 B | Meyerton |
| Verref | Sharpeville | Route 66 A |
| Vereeniging B | Vereeniging | Rust Ter Vaal |
| Vanderbijlpark | Vanderbijlpark | Sasolburgburg |
| Bye | | Heilbron |

| Venue | 11-Jan | |
|---|---|---|
| Heilbron | Heilbron | Meyerton |
| Verref | Sharpeville | Route 66 B |
| Route 66 | Route 66 A | Vereeniging |
| Vanderbijlpark | Vanderbijlpark | Rust Ter Vaal |
| Bye | | Sasolburg |







BKB

The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

BELANGRIKSTE veilings

**MAANDAG - 14 OKTOBER 2024**

DEVON Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241

BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346

**DINSDAG - 15 OKTOBER 2024**

VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak SC de Jager 082 599 2312

LUNEBURG Jaarlikse veiling
Kontak Jan-Hendrik Claassen 074 490 5451

**WOENSDAG - 16 OKTOBER 2024**

WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776

WINBURG Maandelikse veiling
Kontak Rassie Erasmus 082 837 7835

BOTHAVILLE: MERGA SAVM STOET
5DE PRODUKSIEVEILING
11:00, Klipplaatdrift
Kontak Theuns Barnard 082 374 2656

**DONDERDAG - 17 OKTOBER 2024**

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109

KROONSTAD Vetvee veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

ERMELO Weeklikse veiling
Kontak David Harris 082 573 7979

WELKOM: BOEDEL WYLE
JAN BEZUIDENHOUT
Skape, beeste & implemente
11:00, plaas La Rochelle
Kontak Piet Wessels 082 857 7827

**VRYDAG - 18 OKTOBER 2024**

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za